GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

BYBELKUNDE SG

# Moontlike Antwoorde Supp 2007

AFDELING A

**VRAAG 1**
**KORTVRAE**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Lidia van Tiatire | |
| 1.1.2 | Teofilus | |
| 1.1.3 | Josef van Armitea | |
| 1.1.4 | Simon van Sirene | |
| 1.1.5 | Gaius | 5x2=(10) |
| 1.2.1 | Amen | |
| 1.2.2 | Drie-eenheid | |
| 1.2.3 | Evangelie | |
| 1.2.4 | Hades / Sheol / Gehenna / Doderyk | |
| 1.2.5 | Kerk | 5x2=(10) |
| 1.3.1 | Onwaar | |
| 1.3.2 | Waar | |
| 1.3.3 | Waar | |
| 1.3.4 | Waar | |
| 1.3.5 | Waar | 5x2=(10) |
| 1.4.1 | 13 | |
| 1.4.2 | 1 | |
| 1.4.3 | 3 | |
| 1.4.4 | 7 | |
| 1.4.5 | 2 | 5x2=(10) |
| 1.5.1 | C | |
| 1.5.2 | A | |
| 1.5.3 | D | |
| 1.5.4 | B | |
| 1.5.5 | E | 5x2=(10) |
| 1.6.1 | D | |
| 1.6.2 | D | |
| 1.6.3 | D | |
| 1.6.4 | D | |
| 1.6.5 | D | 5x2=(10) |
| | | **[60]** |

AFDELING B
## INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT

### VRAAG 2

2.1 **Hooftemas van die brief van Jakobus**

- Geduld en deursettingsvermoë ten aanskoue van moeilikhede (1:2-16; 5:7-11)
- Daders en nie net hoorders van die Woord nie (1:19-27; 2:14-26)
- Die regte verhouding tussen ryk en arm (2:1-13; 5:1-6)
- Veroordeling van sosiale onderskeidings (2:1-13)
- Beheersing van die tong (1:26; 3:1-12) 5x2=(10)

2.2 **Aanskoulike besonderhede in Markus**:

Gedurende die storm op see slaap Jesus op ? bank in agterstewe van skip met Sy kop op ? kussing.
- Voeding van menigte – rye mense en in groepe van 100 en groepe van 50.
- Blinde man wat sy sig terugkry – sien mense soos bome
- Jesus sit sy arms om kindertjies wat na Hom toe kom.
- Slegs Markus vertel van die blinde man wat sy sig herwin het en Jesus en die kindertjies. 5x2=(10)

2.3 (2 punte vir opskrifte)
**Die krag van Sy Soewereiniteit**:

1. <u>Hy regeer oor die hemel</u>
- Omdat Hy gelyk aan God is, beskik Hy oor God se mag
- Beskik Hy oor krag om te regeer oor die Hemelryk en die engele
- Hy hou sewe sterre in Sy regterhand (Maks 8)

2. <u>Hy regeer oor die wêreld</u>
- Johannes stel dit duidelik aan begin van sy boek
- Christus regeer met besliste krag
- Voete blink soos geelkoper
- Almagtig (Maks 4)

3. <u>Hy regeer oor die dood en die doderyk</u>
- Alles wat bestaan, is onderworpe aan die mag van Christus
- Niks kan Sy soewereiniteit ontwyk nie
- Selfs nie die dood nie. (Maks 6)

4. <u>Hy kan Sy soewereiniteit deel</u>
- Sy mag is so groot dat Hy dit kan deel as Hy wil
- Niemand kan Hom verhinder om te doen wat Hy nie wil nie. (Maks 2)

**(20)**

2.4 Petrus was nie die skrywer van die tweede brief van Petrus nie

- Petrus was ? ongeletterde visserman.
- Sy moedertaal was Aramees.
- Die brief was in baie goeie Grieks geskryf.
- Hy het moontlik ? sekretaris gebruik om die brief te skryf.
- Die brief verduidelik dat Silvanus Petrus se gedagtes neergeskryf het.
- Die brief toon ooreenkomste met Paulus se briewe aan die Efesiërs en die Romeine.
- Sommige kenners glo dat die brief moontlik na Petrus se dood geskryf was.
- Petrus verwys na homself as ? "ouderling".
- Petrus, die apostel van Christus, het waarskynlik hierdie brief opgestel
- En dit deur Silvanus laat skryf. (10)

**[60]**

## VRAAG 3

3.1 5 Judasse – persone

1. Judas, ? man in Damaskus in wie se huis Ananias die hande op Paulus gelê en aan hom die Heilige Gees na sy bekering gegee het (*Hand. 9:11*)
2. Judas Barsabas, ? vooraanstaande figuur in die vroeë kerk. Hy het die nuus na Antiochië oorgebring dat die kerk oop was vir die heidene. Hy was ook ? profeet (*Handelinge 15:22.27.32*).
3. Judas Iskariot, die een wat Jesus verraai het.
4. Judas, nié Iskariot nie, ook genoem Taddeus (*Luk. 6:16; Joh. 14:22, Mat. 10:3*) Hy was ? apostel. Lukas noem hom Judas, seun van Jakobus.
5. Judas, die broer van Jesus (*Mat. 13:55*), wat ook die broer van Jakobus was. 5x2=(10)

3.2 Vir Matteus is die Christendom die ware vervulling van die Ou Testament

- Regdeur sy evangelie verwys Matteus na Jesus as die ware Messias.
- Gebore en geskool onder Joodse wet.
- Meester van die kerk en meer as Judaïsme.
- Dit was beste manier om vir Jode te oortuig dat Hy Jesus Christus was.
- Jesaja – jong vrou sal seun in die wêreld bring.
- Hosea – God sal Sy seun uit Egipte roep.
- Sagaria – Messias sal Jerusalem op ? donkie inkom.
- Dit gebeur week voor Sy kruisiging. (20)

3.3.1 Aantekeninge wat hy hou van hulle privaat gesprekke

- Gesprek by put van Samaria
- Laaste gesprek met Jesus aan tafel by die paasmaaltyd toe hulle alleen was by Jesus.
- Thomas se reaksie toe die ander dissipels vir hom vertel hulle het opgestane Jesus gesien
- Dissipels se vraag in verband met blindgebore man Enige 3x2=(6)

3.3.2 <u>Die dissipels se gevoelens in moeilike tye</u>:
- Hy weet van hulle reaksie by Kana in Galilea
- Hoe hulle reageer toe hulle uitvind dat Jesus met die Samaritaanse vrou gepraat het
- Hulle vrees toe hulle Jesus op die see sien loop.
- Hy weet wat aangaan in hulle gemoed gedurende die laaste maaltyd met Jesus. (8)

3.4 **Die gevolge van Sy soewereiniteit**

**Hy sal alle mense oordeel**:
- Vanweë Sy groot gesag het Hy mag om mensdom regverdig te oordeel (Maks 4)

**Hy sal ewige lewe gee**
- Nadat Hy die mensdom geoordeel het, kry hulle óf die ewige lewe óf die ewige verdoemenis.
- Die wat getrou gebly het, sal nie die tweede dood sterf nie. (Maks 4)

**Hy sal burgerskap van Sy koninkryk gee**
- Die wat nie geloof in Christus verloor het nie, sal gunstig geoordeel word en hulle word verseker van ? plek in Sy koninkryk. (Maks 4)

**Hy sal Sy soewereiniteit deel**
- Christus doen ? beroep op mense om tot inkeer te kom en nie meer te sondig nie – dan sal hulle saam met Christus wees. (Maks 4)

**(16)**

**[60]**

## VRAAG 4

4.1 **Lukas word die evangelie van die Heilige Gees genoem**
- Sagaria - is meegedeel sy seun Johannes sal met Heilige Gees vervul wees
- Gabriël - Begroet Maria en sê Heilige Gees is met haar
- Elisabeth - Word vervul met Heilige Gees as sy vir Maria sien
  - Bewustheid van krag van Heilige Gees word regdeur die evangelie voortgesit
  - Deur krag van die Heilige Gees het Jesus na Galilea gegaan
  - Jesus verbly Hom in die Heilige Gees 5x2=(10)

4.2 **Redes vir die brief aan die Filippense** (1 Punt vir die opskrifte) 1x6=(6)
- <u>Bedankingsbrief</u>
- Dankie vir geskenk en vir Epafroditos (Maks 2)

- <u>Verduidelikingsbrief</u>
- Verduidelik waarom Paulus vir Epafroditos teruggestuur het
- Epafroditos was siek, het nie gedros nie (Maks 4)

- <u>Bemoedigingsbrief</u>
- Hulle word aangemoedig tot goeie werke (Maks 2)

- Beroep om eenheid
- Euodia en Sintige moet in eensgesindheid leef en ophou baklei (Maks 2)

- Brief van waarskuwing
- Waarsku teen die gevaar van die Judaïsers wat die evangelie weerspreek. (Maks 2)

- Persoonlike nuusbrief
- Vertel van persoonlike omstandighede en hy wil Timoteus na hulle stuur (Maks 2)

**[20]**

4.3 Die kenmerke van Paulus se briewe

- Dis briewe nie opstelle nie.
- Dis onafhanklik van mekaar geskryf.
- Die inhoud is leerstellig / teologies.
- Dit bevat vermanings en persoonlike verwysings.
- Dit was bedoel vir openbare sirkulasie. 5x2=(10)

4.4 Regeringsamptenaar se seun

- Regeringsamptenaar se seun genees
- Met tweede teken het Jesus Homself as die Nuwe Tempel geopenbaar.
- Jesus reinig die tempel en wys dat die enigste weg om by die Vader te kom is om Hom as Verlosser te aanvaar.
- Die tempel is oop vir Samaritane en Jode.
- Hy roep alle mense, Jode (Nikodemus), Samaritaanse vrou by put of heidene (regeringsamptenaar se seun) tot God. 5x2=(10)

4.5 Matteus is geïnteresseerd in die kerk

- Hy praat oor die regte manier van vas, gebed en aalmoese
- Gee uiteensetting van Christus se standpunt oor huwelik en egskeiding
- Sê hoe broers in geloof mekaar moet behandel
- Hy is enigste evangelie-skrywer wat Kerk gebruik
- Petrus is die rots waarop kerk gebou is.
- Gebruik woord kerk in ander verband – as broer nie na teregwysing wil luister, moet kerk hom berispe. 5x2=(10)

**[60]**

**VRAAG 5**

5.1 Die skryfstyl van Markus

**Eenvoud en realisme**

- Uit kinderperspektief vertel of ? kind verstaan dit maklik.
- Dit word vertel soos dit gebeur het (realisties).
- Sinne verbind met “en,” “sodra,” “omdat”.
- Die woorde word 41 keer herhaal.
- Skryf hoofsaaklik in teenwoordige tyd as hy dinge uit verlede beskryf (historiese teenwoordige tyd)
- Hy weergee eenvoudige, reguit verhaal van ? ooggetuie.
- Ooggetuie was moontlik Petrus. 2x5=(10)

**Markus gebruik dikwels Aramese woorde in sy beskrywing van wat Jesus gesê het:**

- Aramees was die taal van die gewone Jood in die tyd van Jesus.
- Markus het nie vir ? Joodse gehoor geskryf nie.
- Moontlik vir Romeine want hy verduidelik alle Aramese woorde aan hulle
- Daarom verduidelik hy alle Aramese uitdrukkings bv. BOANERGES – manne van die donder / TALITA KŒM – dogtertjie Ek sê vir jou staan op
- Moontlik het Petrus na gelang hy sy verhaal vir Markus vertel het, onthou hoe Jesus se stem geklink het en dan onbewustelik na sy moedertaal oorgeslaan.
- Efrata – maak oop
- Legio – Baie 5x2=(10)

5.2 **<u>Lukas kan die evangelie van Gebed genoem word</u>**

- Maak melding van Jesus se gebed voor Sy doop, voor die kiesing van die Twaalf, tydens Sy verheerliking en in Getsemane.
- Jesus bid vir Petrus dat sy geloof hom nie begewe nie.
- Twee gebedsgelykenisse: onregverdige regter (18: 1-8) vriend om middernag (11:5-8)
- Benadruk belangrikheid van gebed in die lewe van die Christen
- Kan die Evangelie van Gebed genoem word 5x2=(10)

**<u>Lukas kan die evangelie van Lof genoem word</u>**

- Die frase “loof God” kom meer dikwels in die Lukas-evangelie voor
- Die groot lofsange verskyn ook net in die Lukas-evangelie
- Die Magnificat (1:46-55)
- Benedictus (1:68-79)
- Nunc Dimitis (2:29-32)
- Lukas se evangelie is vol van mense wat God prys 5x2=(10)

5.3 **<u>Die doel van die Johannes-evangelie</u>**

- Wonderwerk, glo en lewe
- Om verslag te doen van Jesus se wonderwerke (tekens)
- Sodat mense glo
- Om mense te laat glo dat Jesus Christus die Christus, Seun van God is
- Om die mense die pad na die ewige lewe deur middel van hierdie geloof te wys. 5x2=(10)

5.4 **<u>Johannes is deur die apostel Johannes geskryf</u>**

- Die skrywer praat met gesag soos ? apostel sal praat
- Die skrywer het Jesus persoonlik geken
- Die vroeë kerkvaders haal uit die brief aan
- Dieselfde woorde word gebruik in 1 Johannes en in die vierde evangelie (Maks 8)

- Byvoorbeeld: woord, enige gebore Seun, lig en duisternis (Maks 2)

**(10)**
**[60]**

AFDELING C

**VRAAG 6**

6.1 <u>God openbaar Hom op besonderse maniere</u>

- <u>In die Ou Testament</u>
- God openbaar Hom as die Een wat die mensheid voorberei op verlossing
- Hy kies die volk Israel uit hiervoor
- <u>In die Nuwe Testament</u>
- God openbaar Hom as die Een wat gekom het om hierdie heilsplan in Jesus Christus te vervul
- Deur Sy seun te stuur as Verlosser van die mensdom vervul God die belofte
- <u>In die Kerk</u>
- God openbaar Homself deur die mense wat verantwoordelik was vir die skryf van die Bybel, wat Sy instrument van openbaring sou wees
- Profete
- Jesus Christus
- Apostels (10)

6.2 <u>Skrif en geloof</u>

6.2.1 <u>Die twee soorte geloof</u>

**Ons glo dat**

- Die persoon aanvaar dat iets waar is
- Dit het geen invloed op sy gedrag nie
- Byvoorbeeld – Hy glo rook gee longkanker, maar hy hou aan met rook.

**Ons glo in**

- Totale geloof
- Die hele wese word deur geloof oorheers
- Byvoorbeeld – Gelowige sal sy lewe daaraan wy om ewige lewe te beërwe. (10)

<u>Die Skrif lei ? mens tot God</u>

- Skrif lei die ongelowige mens tot bekering
- Die Skrif verander die mens se lewe
- Bv. Paulus het Christene vervolg nou verkondig hy die Woord. 3x2=(6)

6.2.2 <u>Die Skrif openbaar God aan ons</u>:

- Skrif vertel ons wie God is
- Skrif gee ? besliste vorm aan ons geloof 2x2=(4)

<u>Die Skrif beïnvloed die lewe van die gelowige</u>

- Geloof moet van gelowige ? “dader” asook ? gelowige maak.
- Geloof moet hom dwing om almal op ? liefdevolle wyse te behandel.
- Geloof moet hom in staat stel om die vals waardes van hierdie wêreld te oorkom.
- Geloof moet vir hom as rigsnoer dien om ? rein lewe te lei.
- Geloof moet vir hom vrede met God bring. 5x2=(10)

6.3 God as Abba (Oop memorandum)

- Abba beteken pappa.
- Persoonlikle verhouding tussen God.
- Kan met God praat oor probleme.
- Kan God prys en dankie sê.
- Kan vir God om daaglikse brood vra. (10)

6.4 God se verhouding met mens

- God het mens na Sy eie beeld geskep.
- Mens lyk nie noodwendig soos God nie.
- Mens het ? besondere verhouding met God.
- Mens kan in dialoog staan met God.
- Mens het siel en gewete. (Maks 4)
- God laat die mens toe om oor Sy skepping te heers.
- Om te kan heers moet mens in besondere verhouding met God staan. (Maks 4)
- God het die mens met ? vrye wil geskep
- Mens kan onderskei tussen reg en verkeerd
- Kan keuses maak (Maks 2)

**[60]**

**VRAAG 7**

7.1 Johannes se boodskap oor verlossing

- Mans en vroue is almal kinders van God.
- Hulle is almal gelyk in God se oë.
- Die mens is steeds onderwerp aan die sonde.
- Mens moet ophou sonde doen en moet doen wat reg is.
- Menslike wesens moet liefde betoon soos Christus ons liefhet. (10)

7.2 En laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die bose

- Ons vra God dat ons nie moeilike versoekings kry nie
- Niks gebeur sonder God se wil nie
- Ons word versoek as God dit toelaat
- Ons vertrou God om Satan nie toe te laat om ons bo ons kragte te versoek nie
- Ons erken God se alvermoë, Sy mag oor alles
- Ons vra Hom om ons kruis nie te swaar te maak nie
- Ons erken algehele afhanklikheid van God
- Ons smeek Hom vir beskerming teen die Bose
- Die Bose is die prins oor die duiwels genoem
- Daar is verskeie name vir die Bose: Satan, Beëlsebul, Duiwel, Diabolus
- Ons vra die Hemelse Vader om ons te bewaar van die Bose
- en om ons krag te gee om die Bose magte te weerstaan

- Ons vra vir krag om bose magte te beveg
- Ons vra Hom dat ons nie so versoek sal word dat ons nie die versoeking sal kan weerstaan nie. (20)

7.3 Jy mag nie steel nie

- Verwys na diefstal van eiendom
- Diefstal van mense
- Beklemtoon die eiendomsreg en die reg om te werk
- Jesus veroordeel materialisme
- Opregte vrygewigheid word vereis
- Alle vorms van diefstal word verbied
- Vandalisme word verbied
- Ledigheid en luiheid word veroordeel
- Om onsself te bevoordeel ten koste van ander word verbied
- Jesus beklemtoon hierdie gebod (Maks 4 vir gepaste voorbeelde)

7.4 God se verbond met Moses

- God is inisieerder – as volk (Israel) getrou is
- God sal Israel uit die slawehuis van Egipte uitlei.
- Hy gee vir hulle 10 Gebooie (die Wet).
- Volk moet wet getrou nakom.
- God sal verbondsbelofte nakom.
- Hy sal hulle God wees en hulle beskerm. (10)

**[60]**

## VRAAG 8

8.1 Die verhouding tussen God die Vader en Jesus Sy Seun:

- Verhouding is persoonlik.
- Jesus is God se enigste seun.
- Jesus is gelyk aan die Vader.
- Dis ? vader-seun-verhouding nie meester-kneg-verhouding nie. 3x2=(6)

Verpligtinge van hierdie verhouding

- Christus is tot beskikking van Vader
- Christus lewe in gewillige gehoorsaamheid aan die Vader 2x2=(4)

8.2 Laat U wil geskied:

- Hierdie bede kom net in Matteus voor.
- Gehoorsaamheid aan God se Wil is ? tema wat dikwels in die Ou Testament voorkom.
- Mense vind dit dikwels moeilik om te wil hê dat God se Wil moet geskied.
- God se Wil word soms as iets negatiefs gesien wat nie vermy kan word nie.
- God wil net die beste vir ons hê.
- Ons kan met volkome vertroue bid.
- Alles is volmaak in die hemel.
- God sal ons nooit verlaat nie of vir ons ? kruis gee wat te swaar is om te dra nie.
- God se Wil is goed – hierdie bede is vol hoop en vreugde.
- God is liefdevolle ABBA
- Op hemel net soos op aarde – laat alles volmaak wees.
- Soos in die hemel. (20)

8.3 <u>Eer jou Vader en jou Moeder</u>

- Die gebod verwys na mens se ouers
- Israeliete het dit in ? wyer konteks verstaan (Deut 17:12)
- Die leiers van Israel is deur God gekies – regters, priesters, profete, konings – mense het hulle nie gekies nie.
- Mag kom van God.
- Al die godvresende gesag moet eerbiedig word.
- Opstand teenoor God se gesag is nie toegelaat nie. (10)

8.4 Jesus se kruisiging en begrafnis

- Hy is deur Sy dood aan die kruis verneder
- Kruisiging is deur Romeine gebruik
- Skandelike dood
- Hy is na Golgota geneem. Hy moes Sy eie kruis dra.
- Hy is tussen twee misdadigers gekruisig.
- Hy is onskuldig gekruisig.
- Die aanklag teen hom is rugbaar gemaak.
- Sy klere is uitgeloot.
- Hy het voluit gely; sy pyn is op geen manier verlig nie.
- Die Christen moet ook bereid wees om namens die Here vernedering te smaak and smart te verduur. (10)

<u>Sy dood en begrafnis</u>

- Christus se sterwe is ? geskiedkundige waarheid.
- Vervulling van die profesie (Jesaja 53)
- Die sterwe van Jesus was ? daad **?** om te sterf was vir Hom ? doel.
- Sy dood was die eis om geregtigheid en waarheid deur God.
- Sy dood was bewys van God se liefde vir Sy volk.
- Sy begrafnis was deel van sy Middelaarswerk, deel van die straf vir sonde.

- Omdat Hy opgestaan het uit die Dode, verander Hy die karakter van die graf – in plaas van ? verskrikking, word dit ? troosvolle rusplek, omdat hy self die verskrikking daarvan gedra het.
- Die Graf word die poort tot die ewige lewe vir die gelowige. (10)

**[60]**

## VRAAG 9

9.1 Jesus is gebore uit die maagd Maria

- Maagd beteken jong vrou.
- Engel Gabriël kondig die geboorte aan.
- Heilige Gees sal Maria bevrug.
- Jesus sal waarlik mens wees.
- Maria het geen omgang met ? man gehad nie.
- Jesus sal waarlik God wees.
  (Oop memorandum) (10)

9.2 Laat u koninkryk kom

- Koninkryk beteken "heerskappy van God".
- As ons praat van die Koninkryk van God, praat ons van Christus se Heerskappy op aarde.
- God se heerskappy is reeds gevestig.
- Dit is reeds gevestig deur Christus se lewe, sterwe en opstanding.
- God wil hê dat Sy koninkryk op aarde steeds sal groei
- Deur ons doop word ons burgers van God se Koninkryk.
- Deur hierdie bede bid ons ook dat God se Naam deur almal oral geken en geëer sal word.
- Dat Sy Koninkryk sal bly groei
- Dat Sy Koninkryk eers vervolmaak sal word by Christus se Wederkoms.
- Deur die geloof word die Koninkryk van God in ons Lewens aanvaar
- Deur hierdie bede vra ons ook dat God ons deur die Woord en deur die Heilige Gees sal regeer. (20)

9.3 Jy mag nie mensgemaakte beelde aanbid nie

- Neiging bestaan om popsterre ens. te aanbid
- Hul aanhangers vereer hulle soos hulle vir God moet vereer.
- Mense bewonder hulle so, hulle word aanbid.
- Toorgoed en gelukbringers – mense glo hierin.
- Mens moet net in God glo, nie hierin nie.
- Bv. Heilige Christophus beskerm jou op pad,
- Mens moet nie fiksheid aanbid nie, God gee gesondheid aan jou
- Mens moenie jou intelligensie aanbid, dis ook ? gawe van God
- Mens moet God eer vir die gawes
- Mens moet ? beelddraer van God wees
- Mens moet van God getuig en Sy beeld uitdra. (20)

9.4 Doel van die wederkoms vir Christene

- Oordeel lewendes en dooies
- Lewendes – het God getrou gedien en hulle kry ewige lewe
- Dooies – het God verwerp en hulle gaan hel toe
- Nuwe hemel en nuwe aarde kom
- Wederkoms daag Christen uit om getrou te bly. (10)

**[60]**

**TOTAAL: 300**